

## 4 Junie

**Skrifgedeelte: Romeine 16:1-16**

**Fokusgedeelte: Romeine 16:16**

### **Gegroet ná die goeie nuus**

Die apostel groet. Hy het gesê wat gesê moes word. Hy het nie gekroom om dit te sê nie. Hy het sy opdrag uitgevoer. Die goeie nuus van genadige vrypraak is in die wêreld en lewens van mense ingedra.

In 'n groetelys noem Paulus 26 Christene op hulle name. Hoe graag sou hy nie elke broer en suster op sy/haar naam wou noem nie! Tog dui die 26 name onmiskenbaar op die innige en liefdevolle Christenverbondenheid wat daar tussen vrygespreektes behoort te bestaan. Jy en baie ander word bekendes vir mekaar, omdat julle deel in wat menslik onmoontlik sou wees, naamlik vrypraak. Jou vrypraak bind jou aan ander wat net so dankbaar en verwonderd en opgewonde daaroor is as jy.

Dit is die rede vir die besondere slotwoord van vers 16. Paulus gee 'n opdrag: "Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap." Die tipiese Oosterse wang-tot-wang-soen was 'n sigbare bewys van die eerste Christene dat hulle saam aan God behoort. Hulle was vrygespreek en nie vervloek nie, verlos en nie verlore nie. Tussen hulle was 'n verbondenheid wat kind-van-God-wees 'n wonderlike ervaring maak, naamlik om te kan leef in 'n gees van Christelike warmte en liefde.

Terwyl jy vrygekoop is omdat God jou innig liefhet, sal jy onthou om warmte en belangstellende liefde uit te straal? Jy doen dit teenoor hulle wat saam met jou nie anders kan nie as om te sê: "Welsalig wie van skuld en straf onthewe, die woord mag hoor: jou sondes is vergewe."

Groet jy ander Christene met 'n soen van Christelike broederskap? Hoekom nie? En laat die wêreld dit sien!

*Sing: Psalm 32:6*

*Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)*